Jan Krielskool

PROSPEKTUS

Skoolstraat
Posbus 17
Kuilsrivier
7579

Telefoonnommer: (021) 9031108/9
Faksnommer: (021) 9031220
E-pos: jks@jankriel.co.za
www.jankriel.co.za

SKOOLHOOF
Mnr MJ Burger

ADJUNKHOOFDE
Mev H Faasen (wnd.)
Me. HSJ Alberts

Julie 2008

1. SKOOLLIED

Teen die groen van dennebome
En die blou van sonskynlug
Staan 'n skool met ideale
Wat ons lewens daagliks rig.
Uit die adel van ons jonkwees
Word die beste steeds verwerk
Want ons bou vir later lewe
In ons diens aan land en kerk.

Ons sien kans vir grootse dinge
Want Jan Kriel kon vir ons leer
Dat uit elke splinter lewe
Nuwe kragte hoogwaarts keer.
So sal ons die stryd bemeester
En met steun van hoër krag
Elke dag ons beste lewer
Eir elk' taak van ons verwag.

Bewoording: mnr. W.W. Kilpert (24 Julie 1984)
Toonsetting: mev. B. Carstens

2. Ontstaan van Jan Krielskool

Jan Krielskool het sy ontstaan in 1937 te danke gehad aan die onvermoeide ywer van ds. en mev. Kriel, leraarspaar van die Nederduits Gereformeerde Moedergemeente, Kuilsrivier. Hulle geliefde seun, Jan, het aan epilepsie gely en is op 16-jarige ouderdom oorlede.

3. Jan Krielskool se visie

Ons visie is dat elke leerder met sy/haar unieke onderwysbehoeftes sy/haar volle potensiaal sal bereik en dat hy/sy sinvol en onafhanklik in die samelewing kan aanpas en groei tot volwassenheid.

4. Jan Krielskool se missie

Ons missie is om deur gespesialiseerde en verbesonderde strukture die leerder wat spesifieke onderwysbehoeftes het, te onderrig en te ondersteun sodat elkeen geestelik, verstandelik en sosiaal sal groei om sy/haar volle potensiaal te verwesenlik (verkort).

5. Taalbeleid

As dubbelmediumskool is dit ons strewe om Afrikaans- en Engelssprekende leerders te verenig in ‘n hegte skoolgemeenskap waarin die taal en kultuur van albei groepe eerbiedig en bevorder word.

6. Skoolafdeling

Graad R	Pre-primêr
Grondslagfase	Graad 1 tot 3
Intermediêre fase	Graad 4 tot 6
Senior fase	Graad 7 tot 9
VOO	Graad 10 tot 12

Die standaard van werk is gelykstaande aan dié van hoofstroom skole. Aan die einde van graad 12 skryf Jan Krielskoolleerders die Nasionale Senior Sertifikaat-eksamen.

Skooltye

Maandag	08:00 – 12:55 (Sport 13:00 – 14:15)
Dinsdag	08:00 – 14:00
Woensdag	08:00 – 14:00
Donderdag	08:00 – 12:55 (Sport 13:00 – 14:15)
Vrydag	08:00 – 13:15

Graad R- tot 2-leerders mag om 13:00 huis toe gaan op Dinsdae, Woensdae en Vrydae. Leerders vanaf graad 3 volg die bogenoemde program.

7. Kursusse en vakke aangebied

Graad 1 – 9

Afrikaans Huistaal
Engels Eerste Addisionele Taal
Wiskunde
Natuurwetenskappe
Tegnologie
Kuns en Kultuur
Sosiale Wetenskappe
Lewensoriëntering
Ekonomiese en Bestuurswetenskappe

Graad 10 – 12

Verpligte vakke
Afrikaans Huistaal Engels Eerste Addisionele Taal Lewensoriëntering Wiskundige Geletterdheid of Toerisme
Keusevakke (Kies EEN vak uit elke groep)
Rekenaar Toepassingstegnologie Besigheidstudies Toerisme
Tegnologie: Siviel Gasvryheidstudie Rekenaar Toepassingstegnologie
Lewenswetenskappe Visuele Kuns Gasvryheidstudie Besigheidstudies

Boeke

Grondslagfase:

Skryfboeke word voorsien soos nodig en ouers betaal aan die begin van die jaar ‘n fooi vir die gebruik van leesboeke.

Intermediêre fase:

Gekondenseerde notas en werkvelle word aan leerders voorsien waarvoor die ouers aan die begin van die jaar ‘n fooi betaal.

Hoërskool:

Die eerste stel skryfboeke word jaarliks deur die skool aan hoërskoolleerders voorsien. Ouers kan handboeke by die skool se boekverskaffer aankoop.

Tuiswerkboeke

Die tuiswerkboeke stel die ouer/voog en die leerder in staat om te weet watter tuiswerk vir die volgende dag voltooi moet wees.Tuiswerkboeke kan ook deur die opvoeder of ouer/voog gebruik word vir boodskappe.

Hoërskoolleerders koop ‘n tuiswerkboek wat deur die skool voorsien word.

Intermediêre Fase voorsien hulle eie tuiswerkboeke.

Grondslagfase se tuiswerkboekies word deur die skool aan leerders voorsien.

8 Buitemuurse bedrywighede

8.1 Sport

Deelname aan sport is verpligtend. Dit vorm deel van die skooldag.

Dit is die ouers se verantwoordelikheid om die skool skriftelik in te lig wanneer ‘n leerder nie aan sport mag deelneem nie. ‘n Mediese sertifikaat moet in so ‘n geval voorsien word.

Sportafrigting vind plaas op Maandae en Donderdae tussen 13:00 en 14:15.

Die volgende sportsoorte word aangebied:
Somer: Atletiek, Krieket, Toutrek
Winter: Rugby, Netbal, Sokker, Vlugbal
Reg deur die jaar: Pluimbal, Tennis, Tafeltennis, Dwergtennis, Skaak, Landloop, Aërobiese oefeninge, Dans, Gholf
Sport vir gestremdes: Atletiek, Swem, Slalom, Tafeltennis en Fietsry

8.2 Kulturele bedrywighede

Tydens ‘n weeklikse kultuurperiode word aktiwiteite soos koorsang, debatte, redenaarskompetisies, flinkdinkkompetisies, dramaklasse, talentontwikkeling en lapverfwerk vir hoërskoolleerders aangebied. Die leerders se behoeftes word van tyd tot tyd bepaal en die

aktiwiteite aangepas.

8.3 Geestelike bearbeiding
Verenigende Christelike Studentevereniging van SA

9 Hulpdienste

9.1 Arbeidsterapeute, spraakterapeute en fisioterapeute vorm die multi-dissiplinêre span. Benewens evaluering, spanbesprekings, groepwerk en beperkte individuele terapie, word terapeutiese intervensies in die klaskamer gelewer in noue samewerking met opvoeders.

9.2 Mediese personeel staan leerders wat mediese versorging benodig by deur te sorg dat medikasie effektief is en gereeld geneem word, hulle skakel met medici, opvoeders en ouers en vorm deel van die multi-dissiplinêre span.

9.3 Sielkundiges hanteer toelatings en ontslagte, evalueer leerders deur middel van gestandaardiseerde toetse, gee advies aan ouers en leerders in verband met persoonlike probleme, vakkeuses, loopbaanaangeleenthede en studiemetodes, en koördineer die funksionering van die multi-dissiplinêre span. Leerders word volgens die beginletter van vanne aan sielkundiges toegesê.

9.4 Die ortodidaktiese personeel lees leerders se studiemateriaal, vraestelle en biblioteek boeke voor en dit word op ‘n rekenaar opgeneem. Hierdie digitale klank word op die leerder se MP 3-speler gelaai sodat hy/sy onafhanklik kan studeer (alle klankopnames word saam met die geskrewe leesstof gebruik). Die ortodidaktiese personeel koördineer transkribering wat as omseilingstegniek gebied word aan leerders wat ernstige probleme ervaar met geskrewe werk.

9.5 ‘n Maatskaplike werker is ook deel van die multi-professionele span.

10 Belangrike inligting aan ouers

10.1 Indien ‘n leerder ‘n MP3-speler as leermiddel gebruik, is dit die ouers se verantwoordelikheid om die apparaat aan te skaf. ‘n Geheuekapasiteit van minstens 1Gig word aanbeveel.

10.2 ‘n Pendel-busvervoerdiens is in bepaalde areas is vir dagskoliere beskikbaar. Navraag kan gedoen word by mev. Elmarie Gentle (021 903 1108).

10.3 Nasorggeriewe is op skooldae beskikbaar tot 17:30. Vervoer huis toe moet self voorsien word. Kontak mnr. Marius Burger of mev. Hester Faasen by die skool vir navrae.

10.4 Die skool se gedragskode, dwelmbeleid, skuldinvorderingsbeleid, asook die skool- en koshuisreëls, word by toelating aan die leerder en sy/haar ouer(s)/voog(de) beskikbaar gestel. Daar word verwag dat hierdie riglyne en reëls bestudeer en nougeset nagekom sal word.

10.5 Skool- en koshuisgeld is vooruitbetaalbaar per maand,

10.6 Leerders mag selfone en MP 3-spelers in ‘n toesluitkassie bewaar (R100 eenmalig), maar nie ander waardevolle apparaat skool toe bring nie. Die skool aanvaar nie verantwoordelikheid hiervoor nie.

11 Skooldrag (Graad 1 tot 12)

Leweransiers
SEGE SPORT, Van Riebeeckweg, Kuilsrivier.
Tel. 021 903 1855

Windjekkers en skoolsweetpakke is by die skool verkrygbaar.

Grondslag- en Intermediêre Fase (graad 1 – 6): mev. R Burger

Hoërskool (graad 7 – 12): mev. P Scholtz (Windjekkers) en me. D Simons (Sweetpakke)

Tweedehandse klere
Skakel mev. M van der Vyver by die skool vir aankope, omruilings en skenkings.

Meisies: somersdrag
Grys romp met wit kortmouhemp. Kort wit sokkies.
Swart skoolskoene, toeryg of gespes.
Donkerblou V-halstrui, donkerblou skoolbaadjie of windjekker indien verkies.
Leerders van graad 1 tot graad 3 mag in die somer kaalvoet skool toe kom.

Meisies: wintersdrag
Grys romp of grys langbroek met wit langmouhemp en donkerblou das.
Swart broekiekouse, grys sokkies by langbroeke of grys kniekouse in Grondslag- en Intermediêre Fase.
Swart skoolskoene.
Donkerblou V-halstrui, donkerblou skoolbaadjie of windjekker.
Skoolbaadjie verpligtend vir graad 10 – 12.

11.4 Seuns: somersdrag
Grys kort- of langbroek met grys of swart lyfband.

Wit kortmouhemp.

Donkerblou V-halstrui, donkerblou skoolbaadjie of windjekker indien verkies.

Swart toerygskoolskoene. Nie stewels, skoene met gespes of informele drafskoene nie.

Grys skoolkouse.

Leerders van graad 1 tot graad 3 mag in die somer kaalvoet skool toe kom.

Seuns: wintersdrag

Grys kort- of langbroek met grys of swart lyfband.

Grys skoolsokkies/ -kouse

Swart toerygskoolskoene.

Donkerblou V-halstrui, donkerblou skoolbaadjie of windjekker.

Donkerblou skooldas

Skoolbaadjie verpligtend vir graad 10 – 12.

11.5 Sportdrag vir spesifieke sportsoorte

Met toetrede tot ‘n sportsoort sal besonderhede aan die leerder en sy/haar ouers beskikbaar gestel word.

12. Koshuise

Koshuisgeriewe is beskikbaar aan leerders in die Wes-Kaap wat nie in die bedieningsarea van ‘n ander OLSO-skool woon nie en nie die skoolvervoerstelsel gebruik nie.

Elke koshuis word bestuur deur ‘n koshuisvoog.

Toesig word waargeneem deur huismoeders en opvoeders.

‘n Sentrale eetsaal met selfbediening word deur al die kosgangers gebruik.

Seuns word volgens hulle ouderdom in koshuise gegroepeer.

Daar is een koshuis vir meisies.

Toelating tot die koshuis vir leerders jonger as 10 jaar word nie aangemoedig nie.

Daar is twee studiesessies per dag. Jonger leerders word bygestaan deur opvoeders.

Leerders gaan elke naweek huis toe, of na familie of vriende, met die nodige toestemming van die ouer(s) of voog.

Wasgoed kan deur ‘n private wassery op die terrein teen hulle tariewe versorg word.

Koshuise	Koshuisvoogde
Disa (021 903-2052)	Mev. S Kotzé
Jangroentjie (021 903-2065)	Mnr. K Olivier
Kiewiet (021 903-2016)	Mnr. J Snyder

Senior Toesig: Mev H Faasen en mnr R Lötter

13. Aansoek om toelating

Aansoek om toelating tot Jan Krielskool word deur die leerder se huidige skool en skoolkliniek in die area hanteer.

Die volledige aansoek met die nodige dokumentasie en aanbevelings word deur die betrokke skoolsielkundige van die kliniek aan die OLSO-Spesialis van die plaaslike OBOS (Opvoedkundige Bestuurs- en Ontwikkelingsentrum) voorgelê en dan na die Wes-Kaap Onderwysdepartement gestuur vir goedkeuring deur die Direkteur van Gespesialiseerde

Onderwysdienste.
Jan Krielskool ontvang die aansoek van die Kuilsrivier Skoolkliniek vir verdere hantering en plasing indien daar plek in die klas beskikbaar is.